

GRONDBESIT IN DIE DISTRIK SOUTPANSBERG, 1837-1899

Johann Tempelhoff

*Departement Geskiedenis, Universiteit van die Noorde,
Privaatsak X1106, Sovenga, 0727*

System of land tenure in the Soutpansberg district, 1837-1899

The development of land tenure on the Northern Transvaal frontier during the nineteenth century was closely linked to the European settlement of the region from 1848.

An analysis of the available information suggests that the local discovery of gold in the 1870s had a significant influence on the relative value of land. Speculation was further promoted by the government's earlier use of land as a means of supporting the state's monetary system.

By the early 1880s the European population in the district of Soutpansberg, stretching from Marabastad in the south to the Limpopo in the north, was scant. However, with the introduction of Occupation Law no. 8 of 1886 there was a significant increase in the number of settlers in the region.

Farms were given to these settlers free of charge with the proviso that they reside on the land. The occupation system, which is reminiscent of the closer settlement schemes introduced elsewhere in southern Africa by colonial and republican authorities during the nineteenth century, attracted a significant European population to the Northern Transvaal.

However, it is apparent from an analysis of farm registrations that the rediscovery of gold in the period 1887-1894 had a marked effect on the relative value of land.

Die ontwikkeling van grondbesit op die Noord-Transvaalse grensgebied gedurende die negentiende eeu kan in noue verband met die blanke vestiging van die gebied vanaf 1848 gebring word.

'n Analise van beskikbare materiaal bring aan die lig dat die plaaslike ontdekking van goud in die sewentigerjare 'n betekenisvolle invloed op die relatiewe waarde van grond uitgeoefen het. Spekulasie in grond is verder aangemoedig deurdat die regering vroeër grond gebruik het om die monetêre stelsel van die staat te rugsteun.

Teen die vroeë tagtigerjare was die distrik Soutpansberg, wat vanaf Marabastad in die suide tot teenaan die Limpoporivier in die noorde gestrek het, yl bewoon deur blankes. Die invoering van die Okkupasiewet nommer 8 van 1886 het egter 'n toename in die getal blanke nedersetters in die streek tot gevolg gehad.

Plase is gratis aan die nedersetters gegee, met die voorbehoud dat hulle hul grond effektief okkipeer. Die okkupasiestelsel wat daaruit beslag gekry het, herinner baie aan die digter nedersettingskemas wat deur die koloniale en republikeinse owerhede elders in Suid-Afrika gedurende die negentiende eeu ingevoer is.

Dit is egter duidelik uit 'n analise van die gegewens dat die herontdekking van goud in die tydperk 1887-1894 'n belangrike invloed op die relatiewe waarde van grond uitgeoefen het.

Die verskynsel van grondbesit is waarskynlik een van die interessantste, maar seker ook een van die mees komplekse terreine van sosio-ekonomiese ondersoek in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Enersyds spreek dit die sosiale of kulturele waardestelsel aan wat binne 'n bepaalde gemeenskap as geldend beskou word wanneer 'n individu of groepe van mense op die fisiese besit van grond aanspraak maak. Andersyds verteenwoordig grondbesit as produksiefaktor een van die mees fundamentele ekonomiese prosesse binne 'n gemeenskap. Bring daarby die feit in berekening dat die grootste deel van Suid-Afrika gedurende die negentiende eeu grootliks uit 'n reeks ontwikkelende grensterreine van kontak tussen blankes en swart gemeenskappe bestaan het, het ons die bestanddele vir 'n besonder interessante terrein van navorsing.

In die bespreking wat volg, word gekyk na die ontwikkeling van patrone van grondbesit in Noord-Transvaal gedurende die negentiende eeu.¹ Die terrein wat bespreek word, is die destydse distrik Soutpansberg (66 461 vierkante kilometer) wat sowat een vyfde van die totale grondgebied van die Zuid-Afrikaanse Republiek (Transvaal) uitgemaak het. Die tydperk wat gedek word, is rofweg dié tussen 1837-1899.

Die blanke vestiging in die distrik Soutpansberg gedurende die negentiende eeu het grootliks in drie fases plaasgevind, te wete die proto-vestigingsfase, die eksploiteringsfase en die koloniseringsfase.² Die proto-vestigingsfase het tot omstreeks 1848 geduur. Gedurende hierdie tydperk het klein groepies mense soos dié onder leiding van Coenraad de Buys, Langhans van Rensburg en Louis Tregardt met trekgeselskappe die gebied vanuit die suide binnegekom met die doel om 'n moontlike heenkome in Noord-Transvaal te vind.

Die tweede vestigingsfase was een van eksploitering en het vanaf 1848 tot omstreeks 1876 geduur. Gedurende hierdie tydperk is die natuurlike hulpbronne van die distrik soos byvoorbeeld die weiding, akkerbougrond, hout, wildlewe en minerale soos sout en goud ontgin.

Die derde en finale fase was een van kolonialisering wat omstreeks 1886 begin het. Dit het gepaard gegaan met 'n grootskeepse blanke instroming van die distrik. Benewens die vestiging van groot getalle blankes in die landstreek is daar met die ontginning van natuurlike hulpbronne voortgegaan.

Die wyse waarop grond in die distrik in besit geneem is, kan regstreeks aan die verskillende vestigingsfases gekoppel word.

Grondbesit gedurende die proto-vestigingsfase tot 1848

Die groepies mense wat tot omstreeks 1848 Noord-Transvaal binnegetrek het met die voorneme om moontlik in die gebied te vestig, was uiteraard verteenwoordigend van die trekboergemeenskappe wat in die Kaap sedert die 18e eeu beslag gekry het. Die besit van grond was by hulle ondergeskik aan die plaaslike weidingsmoontlikhede, jaggeleenthede en die fisiese ligging van 'n sentrum waarmee handel gedryf kon word.

Die mees betroubare rekord wat ons uit dié tyd het, is die dagboek van die Voortrekkerleier Louis Tregardt.³ Daaruit blyk dit dat sy trekgeselskap wat tussen 1836 en 1837 in die gebied gewoon het op verskillende plekke langs Soutpansberg tydelik 'n heenkome gesoek het. Hulle het by die soutpan aan die noordwestelike kant van die berg gebly. Daarna het hulle hulle tydelik op verskillende plekke suid van die berg gevestig voordat hulle ooswaarts getrek het om by die Portugese hawe van Delagoabaai (tans Maputo) te eindig. Hulle het nie soseer in die ontwikkeling van plase belang gestel nie. Ofskoon die wildstapel toereikend en weidingsgeleenthede goed was, was hierdie mense nie met die streek vertrouwd nie. Hulle het baie mense en vee verloor aan siektes wat endemies plaaslik voorgekom het.⁴ Dit was die heersende tendens onder alle mense wat die gebied vanuit die suide tot omstreeks die helfte van die negentiende eeu binnegekom het.

Patrone gedurende die eksploiteringsfase

In 1848 het die trekgeselskap van die Voortrekkerleier Andries Hendrik Potgieter uit

Gebaseer op 'n voordrag gelewer op 18 Julie 1990 by geleentheid van die sesde tweejaarlikse konferensie van die Ekonomiese Geskiedenis Vereniging van Suider-Afrika, Port Elizabeth.

2. Kyk J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel in die distrik Soutpansberg 1886-1899* (Ongepubliseerde D.Litt. et Phil.-proefskrif, Unisa, 1989), Hoofstuk 1.
3. T.H. le Roux (red.), *Die dagboek van Louis Trigardt: met inleiding, aantekeninge en glossarium* (Pretoria, 1966).
4. *Ibid.*; W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I* (Kaapstad, 1976), p. 839.

die Laeveldse omgewing van Ohrigstad en Lydenburg na Soutpansberg getrek en "Oude dorp", die latere Schoemansdal, aangelê. Oor 'n tydperk van 19 jaar was Schoemansdal die stedelike nodus van 'n landelike grensgemeenskap wat hoofsaaklik uit jag, hout- en soutontginning, veeboerdery en beperkte akkerbou 'n bestaan gemaak het.⁵

Die grondbesitstelsel wat in Noord-Transvaal gegeld het, was deel van 'n tradisie wat reeds gedurende die sewentiende eeu aan die Kaap beslag gekry het. Die vroeë Voortrekkergemeenskap in Natal was een van die eerstes in die binneland om beginsels uit te spel. Die Volksraad van Natal het reeds in 1840 bepaal dat elke man op twee plase en een dorps erf geregtig is.⁶ Die plaas was onderskeidelik 'n eiendoms- en leningsplaas. Hierdie gedagte het in Transvaal ook inslag gevind. Trouens, volgens die Zuid-Afrikaansche Republiek (Z.A.R.) se grondwet van 1858, was elke landsburger bo die ouderdom van 16-jaar op die besit van 'n plaas geregtig.⁷

Eiendomsplase was in die reël toegeken aan "ou landsverhuisers" wat 'n bepaalde bydrae tot die ontwikkeling en vestiging van die Voortrekkergemeenskap gelewer het. Die uitstaande voordele van 'n eiendomsplaas, was dat die eienaar daarvan minder belasting aan die owerheid betaal het en terselfdertyd 'n groter mate van persoonlike regte op die grond geniet het. Hoewel die meeste plase aanvanklik as eiendomsplase in die nuwe gebied toegeken is, het die gebruik teen 1866 verval toe die Volksraad besluit het dat geen grond voortaan sonder meer as eiendomsgrond toegeken sou word nie. Slegs die Staatspresident sou die reg hê om sulke toekennings te maak.⁸ Hierdie maatreël moet gesien word teen die agtergrond van die feit dat grond in die Zuid-Afrikaansche Republiek reeds teen die vroeë sestigerjare besig was om skaars te word.⁹

In die geval van Soutpansberg was van meet af aan relatief min eiendomsplase toegeken. Uit 'n analise van 221 registrasies van plase tussen die jare 1867 en 1876 was 176 plase as leningsplase en slegs vier as eiendomsplase toegeken. Oor die status van 'n verdere 41 plase kan geen uitsluitel verkry word nie.¹⁰

'n Leningsplaas het in die volksmond as die "bosveldplaas" bekend geword. Die owerheid kon 'n vasgestelde belasting daarop hef. Gedeeltes van die grond kon vir openbare verkeersweë en uitspanplekke gebruik word. Die eienaar het nie die reg gehad om dit te verbied nie.

Uit omstandigheidsgetuieis wil dit voorkom asof die leningsplaas, veral in die vroeë jare, meer sinoniem was met die tydelike verblyf van 'n boer op 'n stuk grond wat hy nie permanent as sy eie beskou het nie. Die leningsplaas was in werklikheid sinoniem met 'n weidingslisensie, en het bloot gedien om hom seisoenale sekerheid van aanspraak op 'n stuk grond te gee wat hy as weiding vir sy veestapel gebruik het.

-
5. Vir meer inligting oor Schoemansdal kyk P.J. Naudé, *Die geskiedenis van Zoutpansberg 1836-1867* (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Unisa, 1939); S. Marks en A. Atmore (reds.), *Economy and society in pre-industrial South Africa* (Londen, 1980).
 6. G.S. Preller (red.), *Voortrekker wetgewing, Notule van die Natalse Volksraad 1839-1845* (Pretoria, 1924), p. 43. Besluit Art. 3 van 1 - 4-4-1840; Kyk ook J.H. Breytenbach, 'Die grondstelsel van die Voortrekkers in Natal', *Historiese Studies*, 2(1-2), Julie-Oktober 1940, p. 80.
 7. *Bijvoegsel tot de Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 13-2-1889. Gouvernements kennisgeving 42. W.E. Bok, 12-2-1889. Oorspronklike en gewysigde Grondwet van die Z.A.R., Art. 7.
 8. J.H. Breytenbach (red.), *Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby) IV, 1866-1867* (Parow, s.d.), p. 65. Notule van die Volksraadsitting Art. 566 van 26-10-1866.
 9. M.H. de Kock, *Selected subjects on the economic history of South Africa* (Kaapstad, 1924), p. 158.
 10. Transvaalse Argiefbewaarplek (hierna T.A.B.), Pretoria: R.A.K. 2410. Register van plaasregistrasies Soutpansberg 1867-1876.

Deurdad grond in later jare skaars geword het, het boere spoedig hul leningsplase as die enigste vaste eiendom in hul besit oorgehou.

Die toekenning van 'n dorps erf was 'n maatreël wat van owerheidsweë getref is om die bevolking wat oor 'n groot grondgebied versprei was, bymekaar te hou. Wanneer Nagmaal gehou is, het gesinne vir etlike dae na die dorp getrek om benewens die bywoning van kerkverrigtinge ook na sakebelange om te sien. Die toekenning van 'n dorps erf was ook 'n vergoeding van die owerheid aan die burger in ruil vir die dienste wat gelewer is om die stedelike infrastruktuur, soos byvoorbeeld die maak van die watervoor, te help ontwikkel. In later jare is ook hierdie besitreg deur die boer prysgegee deurdad gesinne eerder in hul waens tuisgegaan het wanneer die dorp besoek is.

Kort voordat Schoemansdal in 1867 ontruim is, het die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek die eerste maatreëls getref om die staat se grondbesitstelsel te institutionaliseer. In 1866 is Magnus Forssman as die eerste landmeter-generaal van die Z.A.R. aangestel.¹¹ Binne die volgende vier jaar is omvattende wetgewing uitgevaardig om die opmetingstelsel van die staat te orden.¹² In die afgesonderde gemeenskappies het die plaaslike landdros rekord gehou van die plase wat deur lede van die gemeenskap opgeëis is.¹³ Vanaf 1866, met die aanstelling van die eerste Landmeter-generaal en die gepaardgaande ontwikkeling van die kantoor van die Registrateur van Aktes, was die landdros verplig om duplikate van registrasies na Pretoria te stuur.

Die ontwikkeling van 'n geordende administratiewe sisteem vir die opmeting en registrasie van eiendom in die Z.A.R. moet gesien word teen die agtergrond van die feit dat die regering in die betrokke tydsgewrig stappe begin doen het om 'n lewensvatbare geldstelsel vir die staat te skep. Staatsgrond is toenemend as sekuriteit voorgehou om die Z.A.R. se geldstelsel te finansier.¹⁴ In die volgende dekade het president T.F. Burgers groot gedeeltes ongebruikte staatsgrond in die distrik Soutpansberg ook as sekuriteit voorgehou om 'n lening vir die bou van 'n spoorweg tussen Mosambiek en die Z.A.R. te finansier.¹⁵

Belangriker nog is die feit dat daar reeds voor die einde van die sestigerjare aanduidings was dat Transvaal oor heelwat minerale rykdom beskik het. Die omswerwing van die Duitse ontdekker en geoloog, Karl Mauch, het 'n ongekende oplewing in die eiendomsmark veroorsaak. In 1868, sowat 'n jaar ná die ontruiming van Schoemansdal, het Mauch dit rugbaar gemaak dat hy in Noord- en Noordoos-Transvaal goeie goudneerslae gevind het.¹⁶ Binne die volgende drie jaar was 'n Natalse prospekterder, Edward Button, een van verskeie goudsoekers wat goudontdekkings in die Murchison- en Sutherlandreekse in die Laeveld en by Eersteling naby Marabastad gemaak het.¹⁷

Die ontdekking van goud in die distrik het 'n duidelike invloed op die bestaande grondbesitpatroon uitgeoefen. Dit blyk uit die volgende:¹⁸

-
11. A.N. Davey, 'Magnus Johan Frederik Forssman' in W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I* (Kaapstad, 1976), p. 308.
 12. Z.A.R. *Locale wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1848-1885*, pp. 326-328, 375. Wet nommer 3 van 1869, Instructies voor de inspecteurs van plaatsen ..., en Wet nommer 6 van 1770, Over het uitnemen van grondbrieven of eigendomsbewijzen van plaatsen of erven.
 13. In die argief van die landdros van Soutpansberg het geen duplikate van grondregistrasies in die distrik Soutpansberg vir die negentiende eeu bewaar gebly nie.
 14. E.H.D. Arndt, *Banking and currency development in South Africa (1652-1927): With an appendix on the rise of savings banking in South Africa* (Kaapstad, 1928), pp. 100-106.
 15. T.A.B.: S.S. 1176, R.869/86, p. 121: Nota W.E. Bok 22-2-1886. Lys van plaasname en nommers; M.S. Appelgryn, *Thomas Francois Burgers Staatspresident 1872-1877* (Pretoria, 1979), pp. 79, 90-91, 93.
 16. T.S. Baines, *The gold regions of South Eastern Africa*, (Facsimile-herdruk van die 1877-uitgawe, Bulawayo, 1968), pp. 72-73; O. Letcher, *The gold mines of Southern Africa: The history, technology and statistics of the gold industry* (Londen, 1936), pp. 44-47.
 17. B.J.T. Leverton, 'Edward Button' in C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV* (Durban, 1981), pp. 75-76.
 18. T.A.B.: R.A.K. 2410: Register van plaasregistrasies Soutpansberg 1867-1876.

TENDENS VAN PLAASREGISTRASIES 1863-1876

JAAR	63	64	65	66	67	68	69	70	71	72	73	74	75	76
REG1	1	21	5	3	1	0	4	64	23	69	24	4	0	0
2	1	7	3	3	0	0	1	29	16	42	27	23	9	0
3	0	4	1	2	0	0	0	3	4	13	26	23	14	6
4	0	1	1	1	0	0	0	0	4	0	0	0	0	0
5	0	1	1	1	0	0	0	0	1	0	4	7	1	1
6	0	1	0	1	0	0	0	0	1	0	1	1	0	0
7	0	0	1	0	0	0	0	0	1	0	1	0	0	0
8	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1	1	1	0	0
9	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	2	0	0	0
10	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1	0	0
TOTAAL	2	35	12	11	1	0	5	96	50	125	86	54	13	7

Dit is opvallend dat gedurende die tydperk wat die plaaslike ontdekking van goud voorafgegaan het, min registrasies plaasgevind het. Vanaf 1869 was daar 'n geweldige toename in registrasies. Die feit dat sommige plase twee en selfs drie keer van eienaar verwissel het, getuig van 'n besonder lewendige plaaslike eiendomsmark.

By die interpretasie van hierdie gegewens is dit moontlik om die afleiding te maak dat grond op die Soutpansbergse grens tot en met die ontdekking van goud, 'n lae waarde gehad het. Die grond is marginaal vir boerderydoeleindes aangewend. Die distrik was afgeleë en akkerbou- en veeteeltprodusente het slegs 'n beperkte vraag na produkte gehad, deurdat die gemeenskap grootliks op 'n bestaansekonomiese lewenswyse gerig was.

Die ontdekking van goud het 'n bykomstige waardedimensie aan die besit van grond verleen. Dit het daarop neergekom dat die besit van grond kapitaal kon genereer in die vorm van handelstransaksies en die gepaardgaande ontginning van goud deur mynbou-ondernemings.

Die verskynsel van groot grondbesitters, dikwels in streke wat deur swart gemeenskappe bewoon was, het die grensterrein vir blanke oorname voorberei. Spekulante het gedurende die tydperk van die goudontdekkings vorendag gekom. Teen 1876 was reeds 119 van die 221 plase in die besit van mense wat minstens drie plase plaaslik besit het. Sover vasgestel kan word uit die registrasiedokumente het verhandelingstransaksies in grond in die distrik, wat na raming 601 528 morg (sowat 517 330 hektaar) beslaan het, tussen 1867 en 1876 op £26 904 te staan gekom.¹⁹

Dit wil dus voorkom asof grond as produksiefaktor eers ná die ontdekking van goud 'n bepaalde funksie verkry het. Die werking van die vryemark was nadelig deur 'n verskeidenheid van faktore beïnvloed. Die distrik was afgeleë van die hoofsentra van die staat; dit was yl deur blankes bewoon; klimaatsomstandighede - veral in die Laeveld - het nadelig op nedersetting ingewerk; en, die plaaslike goudstormloop is spoedig deur die ontdekking van die Oos-Transvaalse goudvelde in 1873 oorskadu.²⁰

Die gevolg was dat daar teen die tagtigerjare 'n groot aantal plase in die distrik Soutpansberg was wat in baie gevalle aan buitelandse grondbesitters behoort het, maar waarop die staat geen inkomste in die vorm van jaarlikse belasting ontvang het nie. Teen die einde van 1886 het landmeter F.H. Rissik bevind dat daar net 127 plase in die hele distrik was wat as gevestigde eenhede (ontwikkelde plase) beskou kon word.²¹ Die volgende jaar het die staat heelwat plase waarvan die bakens wel

19. *Ibid.* Analise van beskikbare gegewens in rekords.

20. D.J. van Zyl, *Die ontdekking van rykdom: Aanvangstadium van die industriële revolusie in Suid-Afrika 1870-1899* (Kaapstad, 1986), pp. 52-53; J.W.N. Tempelhoff, 'Eersteling - bakermat van die Suid-Afrikaanse goudmynbedryf', *Contree* 9, Januarie 1981, pp. 5-11.

21. T.A.B.: S.S. 1412, R.299/87 by R.3873/87, pp. 157-158; F.H. Rissik - G.R. von Wielligh, 24-12-1886.

bekend was en waarop groot bedrae belastinggeld agterstallig was, per openbare veiling verkoop.²² Soutpansberg was nie die enigste distrik waar dié toestand geheers het nie. In die distrik Waterberg was daar nog meer plase waarop geen belasting betaal is nie en was die owerheid gevolglik verplig om dit summier op te veil.

Patrone gedurende die koloniseringsfase

Die feit dat daar groot gedeeltes grond in die distrik Soutpansberg braak gelê het, het die regering van die Z.A.R. in die tagtigerjare aangespoor om 'n plaaslike nedersettingsprogram van stapel te laat loop. Op advies van landmeter-generaal G.R. von Wielligh, kommandant-generaal P.J. Joubert en die Afrikanerbond in Transvaal, het die Volksraad aan die begin van Julie 1886 Occupatiewet nr. 8 van 1886 goedgekeur.²³ Daarvolgens het dit enige weerbare blanke persoon vry gestaan om vir homself 'n gratis plaas van tussen 500 en 1 500 morg (sowat 430 en 1 300 hektaar) in die distrik te gaan uitsoek. Die enigste voorwaardes was dat die nuwe eienaar, of sy plaasvervanger, permanent die grond moes okkupeer, opmetings- en registrasiegeld moes betaal en belastingverpligtinge teenoor die staat moes nakom.

Hierdie maatreël herinner baie aan digter nedersettingsprogramme (closer settlement schemes) wat reeds vroeër deur die Britse owerheid in die Kaapkolonie en Natal en deur die republikeinse owerheid in die Oranje-Vrystaat in 1866 aan die oostelike grensgebied ingevoer is.²⁴

Dat daar 'n behoefte en potensiaal vir hierdie tipe van onderneming bestaan het, ly geen twyfel nie. In 1880 is byvoorbeeld bereken dat die blanke bevolking van die distrik Soutpansberg op net sowat 800 siele te staan gekom het.²⁵ Daarby was die tendens aan die orde van die dag dat die blanke bevolking van die staat snel besig was om in 'n armoedige, grondlose, boerende gemeenskap te ontaard. Die regering het ook nodig gehad om bewys daarvan te lewer dat hy daartoe in staat was om effektiewe beheer uit te oefen in die distrik Soutpansberg. Dié streek het oor die digste swart bevolkingsamestelling in die staat beskik.

Op die keper beskou, het die Okkupasiewet die regering se doelwit laat slaag om nedersetting in die distrik aan te moedig. Teen 1890 het die plaaslike blanke bevolking bykans sesvoudig (tot 4 668) op die getal van 1880 toegeneem.²⁶ Dié groeitendens sou tot aan die einde van die eeu voortduur.

Die teenwoordigheid van 'n groot aantal blankes wat van heinde en ver gekom het, het dit vir die staat moontlik gemaak om 'n reeks militêre veldtogte teen plaaslike swart gemeenskappe te voer. Tussen 1889 en 1894 is die Balobedu regeerder Modjadje verslaan. In 1894 is Mmalôbôgo by Blouberg onderwerp. Die volgende jaar is Makgoba in die noordelike klowe van die Drakensberge verslaan en in 1898 is die magsbasis van die Venda-opperhoof Mphephu in Soutpansberg ongedaan gemaak.

Tot aan die einde van die negentiende eeu is sowat 900 plase aan eenaars toegeken. 'n Groot aantal plase was ook bewoon, maar is nie voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) op die name van hul eenaars geregistreer

22. *Bijvoegsel tot de Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 15-6-1887, pp. 1-2. Kennisgewing van verkoping.
23. *Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 14-7-1886, p. 311. Wet nommer 8 van 1886, R.3148/86. Occupatiewet voor Gouvernementsgronden, gelegen in het district Zoutpansberg en een deel van Waterberg.
24. T.A.B.: Aanwins A.18, R.H. Gage, 'The development of the Northern Transvaal. Historical stepping stones and reminiscences ...', by B.H. Dicke, p. 12; J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasietelsel in die distrik Soutpansberg, 1886-1899 ...*, p. 32; C.C. Eloff, *Oos-Vrystaatse grensgordel: 'n Streekhistoriese voorstudie en bronneverkenning* (Pretoria, 1980), pp. 24-26.
25. *Britse Blouboek* C.2950, p. 192.
26. Z.A.R., Uitslag van de volkstelling, gehouden in de Zuid-Afrikaansche Republiek den 1ste April 1890, ooreenkomstig Wet no. 5 van 1889, p. xxx.

nie. Die dorpe Louis Trichardt, aan die voet van Soutpansberg, asook Potgietersrus, in die distrik Waterberg, is in terme van die okkupasiewet op die been gebring.²⁷

Die eiendom is in ooreenstemming met die besit van leningsgrondbesit toegeken.²⁸ Ook het dit slegs op die oppervlakte-gebruik daarvan betrekking gehad. Okkupasiebesit was ondergeskik aan die mineralogiese potensiaal van die grond. Dit het beteken dat indien 'n okkupasieplaas in 'n gebied geval het wat later tot goudveld geproklameer is, het okkupasiebesitreg verval.²⁹

In sekere opsigte was die okkupasiestelsel nie suksesvol nie. Reeds aan die einde van 1886 is die goudvelde van die distrik Soutpansberg herontdek. Die heersende goudkoors aan die Witwatersrand het ook na Soutpansberg oorgewaai. Vanaf 1887 is goudvelde in die wyke Marabastad, naby Eersteling, in die wyk Houtbosberg, in die omgewing van Haenertsburg, asook in die Laeveld, in die omgewing van Leydsdorp en verder noord tot teenaan die Letabarivier oopgestel.³⁰

Die oënskynlike geringe waarde wat die staat aan grond in die distrik Soutpansberg geheg het deur dit gratis uit te deel, was heeltemal buite verhouding met die vraag wat na goudhoudende grond ontstaan het nadat die stormloop begin het. Die toename in grondregistrasies en herregistrasies het veral gedurende die tydperk van die goudstormloop baie toegeneem. Dit blyk uit die volgende:³¹

TENDENS VAN PLAASREGISTRASIES 1886-1899

JAAR	86	87	88	89	90	91	92	93	94	95	96	97	98	99
REG1	0	1	0	160	72	30	30	12	1	0	0	0	2	0
2	0	0	1	64	36	15	23	34	10	6	29	15	8	13
3	0	0	0	6	12	5	25	28	15	9	13	22	11	10
4	0	0	0	1	3	1	7	6	9	10	10	26	10	11
5	0	0	0	0	1	0	3	1	4	7	8	9	13	7
6	0	0	0	0	0	1	1	0	0	2	7	7	4	6
TOTAAL	0	1	1	130	125	52	89	81	39	34	67	79	48	47

Mense wat plase in okkupasiebesit gekry het, het sonder meer daarvan afstand gedoen deur dit aanvanklik teen geringe pryse aan spekulate te verkoop. In baie gevalle het die voormalige eienaars as huurders op die grond aangebly en in ruil vir 'n loon sekere dienste soos die vervaardiging van bakstene, akkerboubedrywighede en bloot 'n fisiese teenwoordigheid om aan die vereistes van die okkupasiewet te voldoen, op die plase gewoon.³² Die bywonertradisie wat die owerheid met die invoering van die okkupasiestelsel probeer het om te bekamp, het onder omstandighede van spekulasiëpraktieke weer eens op die grensterrein beslag gekry.³³

In die geval van Noord-Transvaal was die bywoners net veel slegter daaraan toe as in ander dele van Suider-Afrika. Elders het die bywoner saam met die eienaar op die grond gewoon. Hulle het gesamentlik geboer en bedreigings op die grensterrein

27. J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel in die distrik Soutpansberg, 1886-1899 ...*, p. 262; *Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 22-2-1899, pp. 489-490. Proclamatie S.J.P. Kruger, 14-2-1899.
28. *Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 14-7-1886, p. 311. Wet 8 van 1886, R.3148/86. Occupatiewet ..., Art. 19.
29. T.A.B.: S.S. 1507, R.8838/87, p. 87: Kopie U.R.B. Art. 461 van 8-11-1887.
30. J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel in die distrik Soutpansberg, 1886-1899 ...*, pp. 425-427.
31. T.A.B.: R.A.K. 1929 en R.A.K. 1930: Registrasievorms A van 685 plase wat as okkupasieplase geïdentifiseer is.
32. *The Zoutpansberg Review*, 4-12-1889 (Zoutpansberg and its mineral resources); T.A.B.: S.S. 1546, R.924/88, p. 152: Verklaring van M.J. Taljaard, 10-11-1894; S.S. 2483, R.11296a/90, p. 148: Verklaring J. Peacock, 11-5-1891; S.S. 3122, R.5972/92, pp. 96-97: Kontrak tussen H. van Reenen en W. Pretorius, 20-8-1894.
33. J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel in die distrik Soutpansberg, 1886-1899 ...*, pp. 336-341.

die hoof gebied. In die geval van Noord-Transvaal het die eienaar van die grond merendeels nie persoonlik sy grond bewoon nie. Daarby moet ook in berekening gebring word dat die blanke bywoners stelselmatig deur swart huurders op plase vervang is.

Nuwe grondbesitters het aan swart gemeenskappe huisvesting op plase verleen in ruil vir die betaling van 'n geringe huurgeld.³⁴ Swartes het maar te graag van hierdie aanbod gebruik gemaak deurdat hulle nie nou meer verplig was om na lokasies te trek of arbeid in terme van die Plakkerwet te verrig nie. Sodoende het die eienaars van plase daarin geslaag om 'n permanente massa mense saam te trek wat in die trekarbeidsiklus van die Witwatersrandse mynbouwyerheid opgeneem kon word.

Die toenemende vraag wat na goedere aan die Witwatersrand en die nuut ontwikkelende Rhodesië ontstaan het, het ook 'n geleentheid geskep vir die verdere ontginning en eksploitering van die distrik se natuurlike hulpbronne. Hout, sout, wild- en landbouprodukte is toenemend deur plaaslike produsente vir bemarking elders voorsien.³⁵

Maatskappye het op grootskaal begin om boerdery-aktiwiteite in die distrik te bedryf.³⁶ Plaaslike handelaars het hulle ook vir die verkryging van grond beywer. Op plase in afgesonderde streke het hulle sake gedoen en boerdery-aktiwiteite aan die gang gesit.³⁷ Die rondreisende handelaar van vroeër jare was toenemend besig om 'n seldsame verskynsel te word.

Teen die einde van die negentiende eeu was dit duidelik dat die staat se pogings om 'n behoeftige landelike gemeenskap van gratis grond te voorsien, nie doeltreffend kon funksioneer nie. Die vraag na grond op die vrye mark was eenvoudig te hoog.

Nogtans is daar van owerheidsweë gepoog om behoeftige mense van bystand te voorsien. In 1897-1898 is grond in die omgewing van Haenertsburg op huurpag beskikbaar gestel aan behoeftige gesinne wat deur die runderpes van 1896-1897 finansiële geruïneer is. Die bewoners van die grond kon die grond nie in besit neem nie. Hulle het slegs die oppervlakte-gebruik daarvan uitsluitlik vir boerderydoeleindes teen die betaling van 'n geringe huurgeld verkry.³⁸

Die uitbreiding en ontwikkeling van patrone van blanke grondbesit het tot gevolg gehad dat die beweeglikheid van swart gemeenskappe in die distrik Soutpansberg aansienlik ingeperk was. In ooreenstemming met beginsels wat neergelê was tydens onderhandelinge en ooreenkomste ná afloop van die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) het die regering van die Z.A.R. homself daartoe verbind om aan swart gemeenskappe lokasies vir woondoeleindes af te baken. In wese het dit daarop neergekom dat die beginsel van kommunale grondbesit in werking sou bly, terwyl blankes hul eie stelsel van grondbesit sou behou. Individue of gemeenskappe was nie toegelaat om grond persoonlik te besit nie. Dit is deur die Superintendent van Naturelle in trust vir hulle bewaar. Pogings aan die kant van plaaslike swartmense, soos byvoorbeeld die hoof Mpathele, om okkupasieplase vir sy gemeenskap op te koop, is deur die staat verbied.³⁹ In ander gevalle het swart gemeenskappe hulself teen die aanvaarding van lokasies verset. Die uiteinde was dat militêre veldtogte gevolg het.

In meer as een opsig getuig die ruimtelike uitbreiding van blanke grondbesit in die distrik Soutpansberg teen die einde van die negentiende eeu dat die grensterrein deur die blankes oorwin is.

34. *Ibid.*, pp. 469-477.

35. *Ibid.*, Hoofstuk 9.

36. *The Zoutpansberg Review*, 9-11-1896 (Zoutpansberg agriculture); *The Zoutpansberg Review*, 12-8-1895 (The Harmony Gold and Land Company Limited).

37. H.S. Altenroxel, *Ich suchte land in Afrika: Erinnerungen eines Kolonialpioniers in nordlichen Transvaal* (Leipzig, 1941), p. 270; *The Zoutpansberg Review and Mining Journal*, 17-2-1931, pp. 3-4. (In memory of an old pioneer: F.C. Ferreira).

38. *Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 3-2-1896, pp. 95-96. Concept-regulaties voor verpachting van stukken Gouvernementsgrond.

39. T.A.B.: Z.T.P.D. 2220/1897: (Illiquid cases) Mpathele versus D.J. van der Merwe and A.Z.A. Briel. Uitspraak van 1-11-1893.

Ter afsluiting kan verklaar word dat die patroon van blanke grondbesit in die distrik Soutpansberg gedurende die negentiende eeu aan aansienlike veranderinge onderhewig was namate die ekonomiese potensiaal daarvan besef is. Grond as produksiefaktor kon huur genereer en ook met redelike gemak in kapitaal omskep word. Vir die sosiale en ekonomiese ontwikkeling van die streek het hierdie verwickelinge betekenisvolle gevolge ingehou.